# KOMMUNIKAMMA 21 APRIL 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 21 April**
**Skriflesing:** 1 Joh. 3:11-24
**Tema:** Kinders van God het mekaar lief.

**08:30 EIETYDS DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**17:00 AVONTUURWEEK DEKOR VERGADERING**

**18:00 LEEF@KERK**

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Gospel for Asia World**

**Maandag 22 April**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Dinsdag 23 April**
**Niredi ukufunda isiXhosa (Is jy reg om Xhosa te leer?)**
Ons is stomgeslaan oor die hoeveel mense wat belangstel in die Xhosa klasse. As gevolg van die groot hoeveelheid belangstelling gaan daar weeklikse twee leergeleenthede (klasse) wees. Dinsdag aande 17:30-18:30 en Woensdagoggende 10:00-11:00. Jy is welkom om by ons aan te sluit. Kontak vir Ds. Toit om deel te word van die whatsapp groep en al die nodige inligting te ontvang.

**17:30  EIENDOMME**

**Woensdag 24 April**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**Vrydag 26 April**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 28 April**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45  KATEGESE**
**10:00  KLASSIEKE DIENS**
**18:00  LEEF@KERK**

## GEBEDSAKE:

- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Elaine Greyling en haar seun, Ernst, wat behandeling kry.
  Johan en Erna Coetzee met die afsterwe van hulle seun.
- Ons kermis op 1 Mei. Vir dankbare en entoesiastiese betrokkenheid.
- Vakature by PE-Noord gemeente.
  Grasvoëlkop Gemeente het Llewellyn Oliver van Mosambiek beroep.
- Vry en regverdige verkiesing in ons land, maar ook oor die wêreld. Dat mense biddend hul stem sal uitbring.
- Gospel for Asia World se bediening.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam dat Jesus Christus Homself sal openbaar aan die miljoene mense van die meerderheidsgeloof (Islam) wat deur die oorlog verplaas is in **Sirië**.

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet.  Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERMIS 2024**
Ons hoop dat julle reeds opgewonde is oor ons Kermis wat op Woensdag 1 Mei plaasvind.  Ja, die 2024 Kermis is slegs een en ‘n halwe week ver.  Wanneer ons almal saam droom, dink en werk gaan ons weer van hierdie geleentheid ‘n reuse sukses maak.
Kermislyste waarop jy kan aandui waarmee en waar jy bereid is om te help is beskikbaar in die voorportaal en op osn gemeente se webblad. Kom ons raak uit dankbaarheid almal betrokke – nie omdat ons moet nie, maar omdat ons nie anders kan nie.
Ons is veral opsoek na mense wat sal help **koeke en kleinkoekies bak, poedings maak**, **produkte wil skenk** en sommer net **wil help**.  Julle kan julle **wit-olifante** op Maandae en Woensdae tussen 8:00 en 12:00 by die kerkkantoor kom aflaai.  Kontak gerus die kerkkantoor indien jy enige vrae het, of graag wil betrokke raak en hou die Kommunikamma dop vir meer inligting.
**GEBAK TAFEL**
Kontak Sonja Spies (084 516 4925) indien jy kan help met items of bestanddele vir die gebaktafel.
**WIT OLLIFANTE**
Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)
**KOFFIEWINKEL**

Kontak Dossie Nortjé (082 957 6084) indien jy kan help met gebak vir die koffiewinkel by die Kermis.

**JAFFELS**

Kontak Noeline Pieterse (082 588 8630) indien jy vooraf wil help om **Jaffels te bak**.

**SAMEROEPER VIR BREKKIE BUNS**

Ons is nog opsoek na 'n sameroeper/s vir hierdie tafel. Kontak met die kerkkantoor of Frans Stapelberg by sel: 082 773 6205 indien jy/jul wil help.

**Daar word ook hulp benodig met die verkoop van kaartjies, asook by and die ander tafels.**

**GEESTELIKE GROEI**

ViA (Vroue in Aksie) hou op 10 en 11 Mei 'n Geestelike Groei werkswinkel aan. Die werkswinkel word deur Wanda Bam ('n vorige mej. SA, Melinda Bam, sa ma) aangebied en sal by Swan Lake gehou word. Volg die skakel om in te skryf vir die werkswinkel: https://forms.gle/KwGaPBBAT487RqbM6 Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) vir meer inligting.

**RAAK BETROKKE**

Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat voor die eietydse diens mense groet in die voorportaal, die regstreekse uitsending van eredienste, persone wat deel wil wees van die gasvryheidsbediening en persone wat wil help met die opneem en tel van die dankoffer by die deure op 'n Sondag. Indien jy graag betrokke wil raak, kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**CANTANDO@ALGOA KOOR**

Kontak Gustel Agenbag (089 899 3804) indien jy belangstel in 'n oudisie vir die Cantando@Algoa Koor. Oudisies word per afspraak gedoen.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 21 April | Nico de Klerk, Dyl de Lange, Gerida van der Merwe, Chantel Viljoen |
| 22 April | Jaco Maree, Lucian Pienaar, Styn van Deventer, Chris van Zyl en Buddy van der Merwe |
| 23 April | Dirk Haarhoff en James von Wielligh |
| 24 April | Jack Geyser, Jacques Robson en Ryno Scholtz |
| 25 April | Marné Ackerman, Retha Bezuidenhout, Lienke Buchner, Yolande le Roux, Christan Luckhoff, Nici Snyman, Munroux van Heerden en Johan van Zyl |
| 26 April | Inke Barnard, Deané de Beer en Eben Janse van Rensburg |
| 27 April | Annica Botha, Anja Dreyer, Charl du Plessis, Daniel Grobler, Jakkie Pieters en Nico Potgieter |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005